

GAUTENGSE DEPAR TEME NT VAN ONDERWYS

SENIO RSE RTIFIKAAT -EKSAMEN

**FUNKSIONELE NATUUR- EN SKEIKUNDE
SG
(Tweede Vraestel: Chemie)**

FEB / MAR 2006

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

BENODIGHEDE:

- ? Goed gekeurde (nie-programmeerbare wetenskaplike) sakrekenaar. Kandidate moet hulle eie sakrekenaars voorsien.

INSTRUKSIES:

- Skryf jou eksamenvommer in die sparieses op die voorblad van jou **antwoordboek**.
 - Beantwoord AL die vrae.
 - Beantwoord Vraag 1 deur ? kruisie (**X**) oor die letter, A, B, C of D op die antwoordblad aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek, om aan te dui watter letter jy gekies het.
 - Beantwoord al die ander vrae in die **antwoordboek**. Indien jy die antwoord moet oordoen, moet dit op ? blanko bladsy gedoen word. Nommer hierdie antwoorde duidelik.
 - Inligtingsbladsye word aan die einde van hierdie vraestel voorsien. Dit bevat vergelykings, formules en konstantes. Die inligting mag van hulp wees by die beantwoording van dié vraestel.
 - Rofwerk mag op die blanko bladsye **agter** in die **antwoordboek** gedoen word .
-
-

VRAAG 1
MEERVOUDIGE KEUSE VRAE

Bestudeer elke item en die voor gestelde antwoorde wat deur die letters A, B, C en D voorgestel word. Maak ? kruisie (**X**) oor die ooreenstemmende letter op die antwoordblad nadat jy besluit het watter antwoord die korrekte een is. As meer as een kruisie in enige antwoord voorkom, sal geen punte toegeken word nie.

VOORBEE LD:

Suiwer ys smelt teen:

- A. -4° C
- B. 0° C
- C. 0 K
- D. 4° C

ANTWOORD: A B C D

VRAAG 1

- 1.1 ? Atoom het ? atoomgetal van 9 en ? relatiewe atoommas sa van 19. Hoeveel neutrone sal in die neutrale atoom aangetref word?
- A. 9
 - B. 19
 - C. 10
 - D. 8
- 1.2 As ? elektron van ? laer na ? hoë energievlek in ? atoom op gewek word, _____.
 A. stel die atoom energie vry
 B. onder vind die elektron ? energiewins
 C. verloor die atoomkern energie
 D. word die atoom ? negatiewe ion
- 1.3 Die belangrikste afleiding wat Rutherford uit sy bekende goudfolie-eksperiment gemaak het, was dat _____.
 A. die atoom ? sfeer is van positiewe elektrisiteit waarin elektrone versprei is
 B. die kern van ? atoom ? negatiewe lading het
 C. alle materie uit klein, soliede, onvernietigbare deeltjies (atome) opgebou is
 D. feitlik die hele massa van die atoom in ? uiters klein kern gekonseptreer is
- 1.4 ? Element het die volgende elektronkonfigurasie:

$$1s^2 2s^2 2p^6 3s^2$$

Hierdie element kom in die periodieke tabel voor in

| | Groep | Periode |
|----|-------|---------|
| A. | 2 | 2 |
| B. | 2 | 3 |
| C. | 3 | 2 |
| D. | 3 | 4 |

- 1.5 Die binding met die hoogste persentasie ioniese karakter word gevorm tuss en atome van die volgende elemente :
- A. natrium en chloor
 - B. waterstof en chloor
 - C. waterstof en suurstof
 - D. suurstof en natrium
- 1.6 Elemente waarvan die valens-elektrone slegs in s-orbitale voorkom, is _____.
A. waterstof, magnesium en die alkalimetale
B. die edelgasse
C. slegs elemente van groep I
D. slegs elemente van groep I, II en VIII
- 1.7 Die driedimensionale ionele ruimte waarin ? e lektron die waarskynlikste gevind word, is ? _____.
A. wolkie
B. sub-energievlak
C. energievlaak
D. orbitaal
- 1.8 Die binding tussen twee atome waar elkeen ? elektron aan ? gedeelde elektronpaar verskaf, staan bekend as _____.
A. dubbelbinding
B. nie-polêre binding
C. kovalente binding
D. ioniese binding
- 1.9 Watter van die volgende verskynsels kan toegeskryf word aan die teenwoordigheid van watersofbindings tussen molekules?
A. Die elektriese geleidingsvermoë van koolstof
B. Relatief hoog smeltpunt van ys
C. Relatief hoog kookpunt van magnesium
D. Die elektriese geleidingsvermoë van ? natriumchloried-oplossing

1.10 Beskou die volgende reaksie:



Die reduseermiddeel is ____.

- A. Cu
- B. Cu²⁺
- C. Zn
- D. Zn²⁺

1.11 Watter voorwaartse reaksie (by ewewig) word bevoordeel as die druk verhoog? (Almal is gasse.)

- A. 2NH₃ ? N₂ + 3H₂
- B. 2SO₃ ? 2SO₂ + O₂
- C. 2NO ? N₂ + O₂
- D. 2H₂ + O₂ ? 2H₂O

1.12 Die volgende reaksie het ewewig bereik:



Die konsentrasie HI kan verhoog word deur ____.

- A. die temperatuur te verlaag
- B. die temperatuur te verhoog
- C. die druk op die sisteem te verhoog
- D. die druk op die sisteem te verlaag

1.13



In hierdie reaksie is die elektronskenker ____.

- A. Mg
- B. Cu²⁺
- C. Mg²⁺
- D. Cu

1.14 Watter een van die volgende verbinding s is onversadig?

- A. C_4H_{10}
- B. C_5H_{12}
- C. C_3H_6
- D. C_7H_{16}

1.15 Alkane is organiese verbinding wat almal _____. 15x3=[45]

- A. gasse by kamer temperatuur is
- B. die algemene formule C_nH_{2n+2} het
- C. slegs koolstof en suurstof bevat
- D. uiters reaktiewe stowwe is

VRAAG 2 **ATOOMSTRUKTUUR**

2.1 In ? atoom word elektrone in energielakke rondom die kern aangetref.

2.1.1 In watter energielak sal ? elektron met die laagste energie voorkom? (2)

2.1.2 Wat kan gebeur met ? elektron as dit genoeg energie ontvang? (2)

2.1.3 Wat is nodig om elektrone uit ? atoom te verwijder? (2)

2.1.4 A. Hoe verander die energie van ? elektron as dit van ? hoër na ? laer energielak beweeg? (1)

B. In watter vorm word hierdie vrygestelde energie waargeneem? (1)

2.1.5 Watter soort deeltjie ontstaan as ? atoom ? elektron

A. verloor? (2)

B. bykry? (2)

2.1.6 ? Atoom van ? element X word voorgestel deur $^{40}_{19}X$.

A. Verduidelik die terme

(a) atoomgetal. (2)

(b) massgetal. (2)

B. Gebruik die s, p, d-skryfwyses om die elektrononfigurasie van ? atoom X voor te stel. (3)

- C. Skryf die naam, getal en lading van die drie elementêre partikels neer waaruit ? atoom van hierdie element bestaan. Maak ? tabel wat soos volg daaruit sien om die antwoord te verskaf:

| | Naam | Getal | Lading |
|---|------|-------|--------|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |

(9)
[28]

VRAAG 3 CHEMIESE BIN DING EN INTERMOLEKULÊRE KRAGTE


- 3.1 Waterstof verbind met suur stof om water te vorm.

- 3.1.1 Watter tipe binding ontstaan tussen die atome van waterstof en suur stof? (2)
- 3.1.2 Gebruik ? Lewis-diagram bv. H_2O , om aan te ton hoe hierdie bindingsplaasvind en illustreer die vorm van die watermolekule. (2)
- 3.1.3 Noem die tipe binding tussen die molekules van water in die vloeistof- en vastestof-fase. (2)
- 3.1.4 Watter een van die volgende geleie elektrisiteit die beste: suiwer water of water met ? paar druppels swaelsuur daarin? (2)
- 3.1.5 Hoe vergelyk die kookpunt van waterstofsulfied met dié van water, onder dieselfde toestande? (2)
- 3.1.6 Gee ? verklaring vir jou antwoord in Vraag 3.1.5. (2)

[12]

VRAAG 4 ENERGIE EN CHEMIESE BIN DING


- 4.1 As koolstof met swael verbind, vind die volgende reaksie plaas:




- 4.1.1 Is die reaksie endotermies of eksotermies? (2)
- 4.1.2 Wat du in die letters (s) en (g) in die vergelyking aan? (2)
- 4.1.3 As suiker in water oplos, word warmte geabsorbeer. Is die proses endotermies of eksotermies? (2)

b.o.

- 4.2 ? Stukkie magne siuml int brand in lug om magn esiumoks ied te vorm. Die reaksie kan soos volg voorgestel word.



Energieveranderings wat tydens hierdie reaksie plaasvind, word in die onderstaande diagram voorgestel:



- 4.2.1 Is hierdie reaksie eksotermies of endotermies? (2)
- 4.2.2 Watter interval op die grafiek stel die reaksiewarmte voor? (2)
- 4.2.3 Wat is die aard van die aktiveringsergie in hierdie reaksie? (2)
[12]

VRAAG 5
CHEMIESE E WEWIG

- 5.1 Die oksidasie van swael(IV)oksied na swael(VI)oksied is ? esseensiële stap by die bereiding van swaelsuur.



- 5.1.1 Tydens die voorwaartse reaksie word ? netto hoe veelheid energie vrygestel. Verduidelik die oorsprong van hierdie oormaat energie. (2)
- 5.1.2 Watter gas moet voortdurend uit die mengsel verwijder word om ? hoë opbrengs van produkte te verseker? (2)
- 5.1.3 Indien die ewewig so verskuif dat die konsentrasie van die reagense verhoog, wat sal met die druk gebeur? (Aanvaar dat die volume en die temperatuur konstant bly.) (2)
- 5.1.4 Sal die terugwaartse reaksie eksotermies of endotermies wees? (2)
- 5.1.5 Watter uitwerking sal ? toenname in temperatuur hê op die
- A. opbrengs van die produk? (2)
 - B. spoed van die voorwaartse en terugwaartse reaksie by ewewig? (2)
- 5.1.6 Watter uitwerking sal ? **afname** in druk op die produksie van $\text{SO}_3(\text{g})$ hê? (2)
- [14]

VRAAG 6
REDOKS-REAKSIES

- 6.1 Chloorgas (Cl_2) word deur ? oplossing van kaliumbromied (KBr) in water geborreel.

- 6.1.1 Watter kleurverandering neem jy in die oplossing waar? (2)
- 6.1.2 Watter stof wat vorm, is vir hierdie verandering verantwoordelik? (2)
- 6.1.3 Verskaf vir hierdie reaksie, die
- A. oksidasie-halfreaksie. (3)
 - B. reduksie-halfreaksie. (3)
 - C. die netto reaksie. (3)
- [13]
b.o.

VRAAG 7
ELEKTROCHEMIE

- 7.1 Teken ? netjiese, be noemde dia gram van ? elektrochemiese sel (Cu / Zn). Toon die rigting van elektron vloei aan. (8)
- 7.2 Watter halfsel is die anode en watter is die katode? (2)
- 7.3 Skryf die halfreaksie neer wat by die sink-elektrode plaasvind. (3)
- 7.4 Skryf die halfreaksie neer wat by die koper-elektrode plaasvind. (3)
- [16]**

VRAAG 8
ORGANIESE CHEMIE

- 8.1 8.1.1 Skryf die struktuurformule van etaan en eetien neer . (2)
- 8.1.2 Watter een is ? versadigde verbinding? (2)
- 8.1.3 Hoe sal jy toets vir versadigde verbinding? (2)
- 8.2 Skryf ? gebalanseerde chemiese vergelyking neer vir die verbranding van metaan (CH_4) in suur stof. (2)
- 8.3 Gee die IUPAC-naam vir CH_3OH . (2)
- [10]**

TOTAAL: 150

PERIODIEKE TABEL / PERIODIC TABLE

TABLE 2 / TABLE 2

Statement

A periodic table entry for Hydrogen (H) is shown. The atomic number is 1. The atomic radius is 37 pm. The first ionization energy is 1310 kJ/mol. The electron configuration is 1s¹. The element symbol H is in the center.

| | | | | |
|--|--------------|---------------------------------------|------------------------------|--|
| 1 | Hydrogen (H) | 37 | 1310 | 1s ¹ |
| Atomic number (Z) / Atomic radius (pm) | | Atomic radius (pm)/Atomic radius (pm) | 1st ionisation energy/kJ/mol | Electron configuration/Electron negativity |

**FUNCTIONAL PHYSICAL SCIENCE SG /
FUNKSIONELE NATUUR- EN SKEIKUNDE SG
(Second Paper / Tweede Vraestel) 305-2/2L**

| | La | Ce | Pr | Nd | Dy | Pm | Sm | Eu | Gd | Tb | Dy | Ho | Er | Tm | Yb | Tl | Lu | Lw |
|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|-----|-----|-----|-----|----|-----|----|----|
| | 58 | 59 | 60 | 61 | 62 | 63 | 64 | 65 | 66 | 67 | 68 | 69 | 70 | 71 | | 103 | | |
| | 90 | 91 | 92 | 93 | 94 | 95 | 96 | 97 | 98 | 99 | 100 | 101 | 102 | 103 | No | Md | No | |
| Ac | Th | Pa | U | Np | Pu | Am | Cm | Bk | Cf | Es | Fm | | | | | | | |

**STANDARD REDUCTION POTENTIALS OF A NUMBER OF HALF-REACTIONS
STANDAARDREDUKSIEPOTENSIALE VAN VERSKEIE HALF-REAKSIES**

| Half-reaction / Half-reaksie | E° volts / volt |
|--|------------------------|
| $\text{Li}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Li}$ | -3,05 |
| $\text{K}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{K}$ | -2,93 |
| $\text{Cs}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Cs}$ | -2,92 |
| $\text{Ba}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Ba}$ | -2,90 |
| $\text{Sr}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Sr}$ | -2,89 |
| $\text{Ca}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Ca}$ | -2,87 |
| $\text{Na}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Na}$ | -2,71 |
| $\text{Mg}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Mg}$ | -2,37 |
| $\text{Al}^{3+} + 3\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Al}$ | -1,66 |
| $\text{Mn}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Mn}$ | -1,18 |
| $2\text{H}_2\text{O} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{H}_2 + 2\text{OH}^-$ | -0,83 |
| $\text{Zn}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Zn}$ | -0,76 |
| $\text{Cr}^{3+} + 3\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Cr}$ | -0,74 |
| $\text{Fe}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Fe}$ | -0,44 |
| $\text{Cd}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Cd}$ | -0,40 |
| $\text{Co}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Co}$ | -0,28 |
| $\text{Ni}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Ni}$ | -0,25 |
| $\text{Sn}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Sn}$ | -0,14 |
| $\text{Pb}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Pb}$ | -0,13 |
| $\text{Fe}^{3+} + 3\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Fe}$ | -0,04 |
| $2\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{H}_2$ | 0,00 |
| $\text{S} + 2\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{H}_2\text{S}$ | +0,14 |
| $\text{Sn}^{4+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Sn}^{2+}$ | +0,15 |
| $\text{Cu}^{2+} + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Cu}^+$ | +0,16 |
| $\text{SO}_4^{2-} + 4\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{SO}_2 + 2\text{H}_2\text{O}$ | +0,17 |
| $\text{Cu}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Cu}$ | +0,34 |
| $2\text{H}_2\text{O} + \text{O}_2 + 4\text{e}^- \rightleftharpoons 4\text{OH}^-$ | +0,40 |
| $\text{SO}_2 + 4\text{H}^+ + 4\text{e}^- \rightleftharpoons \text{S} + 2\text{H}_2\text{O}$ | +0,45 |
| $\text{I}_2 + 2\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{I}^-$ | +0,54 |
| $\text{O}_2(\text{g}) + 2\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{H}_2\text{O}_2$ | +0,68 |
| $\text{Fe}^{3+} + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Fe}^{2+}$ | +0,77 |
| $\text{Hg}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Hg}$ | +0,79 |
| $\text{NO}_3^- + 2\text{H}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{NO}_2(\text{g}) + \text{H}_2\text{O}$ | +0,80 |
| $\text{Ag}^+ + \text{e}^- \rightleftharpoons \text{Ag}$ | +0,80 |
| $\text{NO}_3^- + 4\text{H}^+ + 3\text{e}^- \rightleftharpoons \text{NO}(\text{g}) + 2\text{H}_2\text{O}$ | +0,96 |
| $\text{Br}_2(\ell) + 2\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{Br}^-$ | +1,09 |
| $\text{Pt}^{2+} + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Pt}$ | +1,20 |
| $\text{MnO}_2 + 4\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Mn}^{2+} + 2\text{H}_2\text{O}$ | +1,21 |
| $\text{O}_2(\text{g}) + 4\text{H}^+ + 4\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{H}_2\text{O}$ | +1,23 |
| $\text{Cr}_2\text{O}_7^{2-} + 14\text{H}^+ + 6\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{Cr}^{3+} + 7\text{H}_2\text{O}$ | +1,33 |
| $\text{Cl}_2(\text{g}) + 2\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{Cl}^-$ | +1,36 |
| $\text{Au}^{3+} + 3\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Au}$ | +1,42 |
| $\text{MnO}_4^- + 8\text{H}^+ + 5\text{e}^- \rightleftharpoons \text{Mn}^{2+} + 4\text{H}_2\text{O}$ | +1,51 |
| $\text{H}_2\text{O}_2 + 2\text{H}^+ + 2\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{H}_2\text{O}$ | +1,77 |
| $\text{F}_2(\text{g}) + 2\text{e}^- \rightleftharpoons 2\text{F}^-$ | +2,87 |

$E^\circ_{\text{CELL}} = E^\circ_{\text{CATHODE}}$ $-E^\circ_{\text{ANODE}}$ $E^\circ_{\text{SEL}} = E^\circ_{\text{KATODE}}$ $-E^\circ_{\text{ANODE}}$
 END / EINDE

Increasing oxidising ability /
Toenemende oksideervermoë

Increasing reducing ability /
Toenemende reduseervermoë